

BOER SOEK 'N VROU 11" INSKRYWINGSVORM VIR VROUE:

Ná die sukses van die vorige "Boer soek 'n Vrou" reekse, maak ons nou weer so! Ons nooi hiermee alle ongetroude dames uit om deel te neem aan "Boer Soek 'n Vrou 11". kykNET het 10 ongetroude, energieke en ondernemende boere gekies om deel te wees van die 11de Seisoen van Boer Soek 'n Vrou. Kyk of een van hulle dalk jou oog vang! Wil jy graag op 'n plaas woon? Is jy ongetroud en op soek na jou ideale metgesel? Is jy ouer as 21? Skryf dan gerus in om deel te wees van hierdie avontuur. Die "Boer Soek 'n Vrou 11" reeks sal bestaan uit 13 een uur episodes, voorafgegaan deur insetsels wat op kykNET uitgesaai sal word wat die boere bekendstel sodat hulle potensiële metgeselle kan werf. Foto's van ons 10 boere vir wie jy moet skryf, kan gesien word op die volgende webblad: www.kyknet.co.za, en op die Boer Soek 'n Vrou Facebook blad. **DIE INSKRYWINGS SLUIT 20 APRIL 2018!**

Jou Gekose Boer se Naam: _____ Jou Volle Naam: _____

Ouderdom: _____ Geboortedatum: _____ Beroep: _____ Huistaal: _____

Hoogste akademiese kwalifikasie: _____ Belangstellings: _____

Huwelikstaat: (ongetroud/geskei/weduwee/wewenaar) _____ Enige Kinders: _____ Indien wel, hoeveel: _____

Tel: (h) _____ (w) _____ (sel) _____

Epos Adres: _____

Fisiese Adres: _____

Heg asseblief die volgende inligting by die Inskrywingsvorm aan:

- 2 onlangse kleurfoto's van jousef - 1 portret (kop en skouers) en een vollengte foto asseblief.
- 'n Afskrif van jou ID dokument of paspoort (net om te bewys dat jy ouer as 21 jaar is).
- Skryf 'n brief aan die boer van jou keuse waarin jy vir hom/haar vertel watter eienskappe jy soek in jou ideale man/vrou en gee 'n kort beskrywing van wie jy is (lewenskets) en waarvan jy hou (manier van lewe en stokperdjies). Gee ook 'n kort beskrywing van jou ideale romantiese afspraak. As jy 'n mooi liefdesbrief skryf, gaan dit meer gewig dra by die boer van jou keuse. Alle briewe wat ontvang word, sal deur die vervaardigers aan die boere oorhandig word.
- SAAM met jou brief kan jy OOK 'n kort selfoon video van jousef stuur, met 'n spesiale boodskap aan jou gekose boer – **nie langer as 1 minuut**. Kan aan Kaylie gestuur word op 079 335 5137.

Hierdie vorm moet deur jou onderteken word. Jy moet ongetroud en ouer as 21 jaar wees. Indien jy geskei of 'n weduwee is, moet 'n afskrif van die skeidokument of sterftebewys aangeheg word. Vorms wat nie onderteken is nie, of wat geen foto's of ID dokumente of briewe insluit nie, sal nie oorweeg word nie. **ONTHOU, jy mag net vir EEN boer inskryf. Skryf op een van die volgende maniere in:**

- **KOERIER** jou voltooid inskrywingsvorm (met bogenoemde informasie aangeheg) na: "Boer soek 'n Vrou 11", Coronation Laan 11, SOMERSET-WES, 7130, **of na** PostNet 211, Privaatsak X15, SOMERSET-WES, 7129.
- **E-POS** jou voltooid inskrywingsvorm (met bogenoemde informasie aangeheg) na: boer@marche.media
- Skryf **AANLYN** in voor of op 20 APRIL 2018 : www.kyknet.co.za
- Indien jou aansoek suksesvol is, sal ons jou voor 14 MEI 2018 per telefoon kontak.
- Kontak Kaylie by Marche Media indien jy enige verdere inligting nodig het by: 079 335 5137, of epos haar by boer@marche.media

Aangesien "Boer Soek 'n Vrou 11" 'n realiteitsreeks is, sal die gekose dames hulself beskikbaar moet stel vir opnames op die boer se plaas (wat 'n week mag duur) wanneer dit die vervaardigers se skedule pas en hulle sal van tyd tot tyd bereid moet wees om vir opnames (wat 'n paar dae mag duur) weg van die huis af te reis. Opnames word in Kaapstad beplan om verskeie afsprake af te neem wat jy met die boer van jou keuse moet nakom.

Indien jy inskryf, verklaar jy die volgende:

1. Jy is 'n Suid Afrikaanse burger.
2. Jy aanvaar dat die reëls en bepalinge van "Boer Soek 'n Vrou 11" (die program) soos van tyd tot tyd neergelê sal word deur Marche Media (die "vervaardiger") en/of kykNET (die "uitsaaier") bindend is en jy aanvaar dat die besluite van die vervaardiger/uitsaaier finaal is.
3. Jy aanvaar dat jou regte in terme van die Kopieregwet, wet 98 van 1978 (soos gewysig), toegewys word aan die vervaardiger/uitsaaier en dat jou volle deelname aan die program opgeneem en uitgesaai mag word en dat die regte op hierdie uitsendings in die toekoms aan die vervaardiger/uitsaaier behoort, wat jou toewysing aanvaar.
4. Jy verklaar dat al die inligting wat in jou aansoekvorm verskaf is, waar en korrek is en jy aanvaar dat jy gediskwalifiseer kan word as die teendeel blyk en dat die vervaardiger en/of uitsaaier die inligting in jou aansoekvorm in die program mag gebruik.
5. Jy verstaan dat die vervaardiger/uitsaaier nie aanspreeklik is vir enige verlies wat spruit uit jou inskrywing, of jou deelname aan enige aspek van die program nie.

Geteken: _____ Op (plek): _____ Datum: _____ 2018

Let asseblief daarop dat daar van jou verwag sal word om 'n volledige stel bepalinge en voorwaardes te onderteken as jy gekies sou word vir deelname aan "Boer Soek 'n Vrou 11".